**8 November 2020 Nehemia 1 – Herstel die poorte**

**Verwelkoming**

**Dankoffers**

**Oomblik van Stilte (Barend) Lied 512 Nader. My God by U**

**Votum en Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

**Lofsang**

Lied 454 – Vader, ons eer U (3)

Lied 266 – Die Onse Vader (1)

**<u>Skriflesing: Nehemia 1:1-11</u>**

1 Die verhaal van Nehemia seun van Gakalja. Dit was in die maand Kislef, die twintigste jaar. Ek was in die vestingstad Susan.

2 Ganani, een van my medeamptenare, het daar aangekom uit Juda, hy en 'n paar ander manne. Ek het by hulle navraag gedoen oor die Judeërs wat uit die ballingskap vrygelaat is en teruggegaan het, en oor Jerusalem,

**3 en hulle het vir my gesê: "Die ballinge wat teruggegaan het, beleef daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om, en die stadspoorte is verbrand."**

4 By die aanhoor van dié woorde het ek gaan sit en gehuil en dae lank getreur. Ek het gevas en tot die God van die hemel gebid.

5 Ek het gesê: "Ag, Here, God van die hemel, groot en ontsagwekkende God wat u verbond en u troue liefde handhaaf teenoor dié wat vir U liefhet en u gebooie gehoorsaam,

6 luister tog, gee tog ag op die gebed wat ek, u dienaar, sonder ophou tot U bid. "Ek bid vir u dienaars, die Israeliete, ek doen belydenis van die sondes wat ons teen U begaan het. Ook ek en my familie het gesondig.

7 Ons het U nie geëer nie, ons was ongehoorsaam aan die gebooie, die voorskrifte, die bepalings wat U aan u dienaar Moses gegee het.

8 “Dink tog aan die belofte wat U aan u dienaar Moses gemaak het: ‘As julle ontrou is, sal Ek julle onder die volke verstrooi,

9 maar as julle julle tot My bekeer en my gebooie gehoorsaam en nakom, sal Ek julle weer bymekaarmaak, al is julle oor die hele aarde versprei. Ek sal julle terugbring na die plek toe wat Ek gekies het om my Naam daar te laat woon.’

10 “Hulle is u dienaars, u volk vir wie U met u groot mag en krag gered het.

11 Ag, Here, luister tog na die gebed van u dienaar en na die gebed van u dienaars, hulle vir wie dit 'n vreugde is om u Naam te eer. Laat my tog voorspoedig wees met wat ek vandag wil doen. Laat hierdie man my simpatiek gesind wees.” Ek was die koning se skinker.

Teksvers is vers 3 **“En hulle het vir my gesê: Die oorgeblewenes wat vrygekom het uit die gevangenskap daar in die provinsie, verkeer in groot ellende en in smaad, en die muur van Jerusalem lê stukkend en sy poorte is met vuur verbrand.”**

TEMA: HERSTEL DIE POORTE

INLEIDING

Die geestelike mure is vervalle, die geestelike poorte is afgebrand, vandag meer as ooit tevore, wie sal reageer, wie sal opstaan en sê “hier is ek, stuur my.”

In Nehemia 3 beskryf die Woord van God vir ons waar die herstelwerk begin het en ook waar dit geeindig het.

’n Spesifieke volgorde en as ons geestelik daarna kyk dan sien ons die groei van die kind van God daarin.

Die woord bou in hoofstuk 3 verwys daana om te herstel.

Dit beteken dat geen nuwe materiaal benodig was nie. Al die materiaal was daar behalwe die houtwerk wat Nehemia vanaf die koning ontvang het.

Waarom moet ons vandag soveel nuwe metodes “invoer” om mense by die kruis te kry, om mense te trek om by God uit te kom. Die regte metode is daar, ons moet dit net raaksien.

**Rom 1:16 “Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.”**

**Die woord “herstel” word 35 keer gebruik in hoofstuk 3 en een keer in hoofstuk 4.**

Dit beteken om te versterk, om sterk te maak. Nehemia was nie bereid om ’n kits metode, goedkoop metodes te vind om die muur gou te herstel nie. Nee, hy het die muur versterk en sterker gemaak.

Daar is nie iets soos kits-bekerings, goedkoop bekerings nie.

As ons ’n studie maak van die name van die mense wat die poorte herstel en die mure opgebou het dan sien ons dat elkeen vir ’n spesifieke deel verantwoordelik was en die betekenis van die naam wys dit vir ons uit.

Byvoorbeeld:

- Eljasib - God herstel;
- Sénaä – Skerp rots;
- Sakkur – verstandelik;
- Jojada (Ou Poort) Kennis van die Here/die Here weet.
- Dalpoort – Hanun – genadevol/begunstigde;
- Malkia (Aspoort) – My God is die Here;
- Semaja (Oospoort) gehoor deur die Here.

Vriende, elkeen van ons het ’n spesifieke doel waarom die Here ons red en roep. Ons moet gehoorsaam wees om daardie gedeelte te herstel wat verwoes lê.

Waarom is die mure vervalle en die poorte verbrand?

“Die muur van Jerusalem lê stukkend en sy poorte is met vuur verbrand.”

- Ons lees “Die Engel van die HERE trek ‘n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.” Ps.34:8

- Ps 125:2 “Rondom Jerusalem is berge; so is die HERE rondom sy volk van nou af tot in ewigheid.”
- Ps 34:10 “Vrees die HERE, o sy heiliges, want die wat Hom vrees, het geen gebrek nie.”

Die vrees vir die Here was nie meer daar nie, en daarom het die mure verval, en is die poorte verbrand.

Eseg. 11:9, 12 “En Ek sal julle daar uitbring en julle oorgee in die hand van vreemdes en strafgerigte onder julle oefen. (12) En julle sal weet dat Ek die HERE is, omdat julle nie in my insettinge gewandel en my verordeninge nie gehou het nie, maar gehandel het volgens verordeninge van die nasies wat rondom julle is.

Dan lees ons hierdie verskriklike woorde in Esegiël 11:23 “En die heerlikheid van die HERE het opgestyg uit die stad uit weg en het gaan staan op die berg wat oos van die stad lê.”

**<u>Kom ons begin by die Skaappoort.</u>**

(Neh 3:1) “En Éljasib, die hoëpriester, het hom klaargemaak met sy broers, die priesters, en hulle het die Skaapspoort gebou;”

**<u>Eljasib – God herstel.</u>**

Die Skaappoort was naby die tempel geleë. Daardeur was die diere vir die offer doeleindes gebring na die priesters.

Die enigste poort wat nie sluitbalke en grendels het nie. Net so kan ons kan enige tyd na Jesus toe kom.

**Die Skaappoort herinner ons dan ook aan Jesus, ons Verlosser.**

- Joh. 10:11 “Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.”
- Joh. 14:6 “Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.”

Jesus is vir ons die ware Skaappoort waardeur ons moet gaan om gered te word. Geen ander naam is gegee in die hemel of op of onder die aarde waardeur iemand gered kan word nie, behalwe Jesus Christus die Seun van God.

Ons as sondaars het soos skape verstrooid, elkeen ons eie pad geloop.

- 1Pe 2:25 “Want julle was soos dwalende skape, maar nou het julle teruggekeer na die Herder en Opsiener van julle siele.”

Dit was dan ook gepas dat die priesters hier begin het met die herstelwerk. As u gered is deur die genade van God, gewas deur die Kosbare Bloed van Jesus, dan is u priester.

- 1Pe 2:9 “Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,”

U ontvang die boodskappe daagliks, op die nuusberigte, lewens van mense rondom u, koerante ens. wat gaan u doen?

- **Nehemia het genoeg omgegee om te vra.**

Neh. 1:2(b) “en ek het hulle gevra na die Jode, die vrygeraaktes wat oorgebly het uit die gevangenskap, en na Jerusalem.”

Sommige mense verkies om nie te weet wat aangaan nie, want kennis mag dalk verantwoordelikheid bring. “Wat ek nie weet nie kan nie seer maak nie” is mos die gesegde.

Was u al eerlik met uself gewees, hoe gaan dit geestelik vanoggend?

Weet u vandag verseker dat Jesus u siel gered het uit genade?

Is u hart gereinig en vervul met die Heilige Gees, lewe u heilige lewenswandel?

Of is daar geheime sonde, gewoontes wat u weet nie voor God stand kan hou nie in u lewe?

- **Nehemia het genoeg omgegee om te ween.**

(Neh. 1:4) “En toe ek hierdie woorde hoor, het ek gesit en ween, en ek het dae lank getreur; en ek het gevas en gebid voor die aangesig van die God van die hemel”

Wanneer God ’n las op u hart plaas, moenie daarvan probeer weghardloop of vlug nie, maar eerder moet ons dit in gehoorsaamheid doen wat die Here van ons vra en die uitkoms in die hande van die Here oorlaat.

Ween voor God oor u toestand vanoggend, ween oor die toestand van u volk en land want die mure en poorte wat verwaarloos staan, staan en wag om herbou te word.

Die boek van Nehemia begin met groot hartseer, verdriet en ook verdrukking maar net voor die einde is daar blydskap en vreugde.

’n Kommentaar skrywer stel dit so: “ons trane is die besproeiing vir die sade van voorsiening wat God op ons pad geplant het, en sonder daardie trane sal daardie sade nooit ontkiem en vrug dra nie.”

Familie en vriende, om voor God te ween vir die toestand van u siel, vir ander siele, vir u kinders en familie se siele, vir die land is nie ’n skande nie, dit is nie ’n teken van swakheid nie.

Nehemia het die erns besef en geweet iemand moet iets doen.

- **Nehemia het genoeg omgegee sodat hy gebid het.**

Neh. 1:4(b) “en ek het gevas en gebid voor die aangesig van die God van die hemel

Nehemia het sy gebed begin deur God te loof, maar die grootste gedeelte van sy gebed het gegaan oor sonde en sonde-belydenis.

Dieselfde God wat die oordeel uitspreek as ons nie in die vrese van God en volgens Sy insettinge wandel nie, is ook die God wat vergifnis belowe as ons na Hom toe terugkeer, as ons tot Hom met ons hele hart en lewe bekeer.

- **Nehemia begin deur sonde te bely.**

(Neh. 1:6) laat u oor tog opmerksaam en u oë oop wees, om te luister na die gebed van u kneg wat ek vandag voor u aangesig bid, dag en nag, vir die kinders van Israel, u knegte, terwyl ek die sondes van die kinders van Israel bely wat ons teen U gedoen het; ook ek en my familie het gesondig.

Dit is opmerksaam dat Nehemia homself nie vrywaar en na die kinders van Israel verwys nie, nee, hy gebruik die woord “ons”. Hy sluit hom daarmee in as deel van ’n volk wat gesondig het. Hy bely ook spesifiek waar hulle oortree het.

- **Nehemia herinner God aan Sy beloftes.**

Vanaf Neh.1:8-10 herinner Nehemia God aan Sy beloftes sou die volk hulle bekeer en terugkeer tot God.

U en ek moet in hierdie tyd voor God buig en Sy Woord neem en ons eie maak en God aan Sy beloftes herinner.

2Kor 1:20 “Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons.”

**Gebed:**

**Slotlied:**

Lied 464 – O Heer, my God

**Geloofsbelydenis**

**Seën:**

Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee”.

**Na die seen** - Lied 314